LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 38/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Hoeveel druk?

U sal onthou, ons word van jongs af geleer dat dit belangriker is om goed klaar te maak as om goed te begin. Ons besef dit is moeiliker, want deursettingsvermoë is moeiliker as om met opwinding te begin. Dit verg baie selfdissipline om enduit vol te hou en veral as die uitslag nie meer saak maak nie. Soms is dit ook met 'n mate van trots, dit is die mens wie ek is en die mannier waarop ek sake hanteer. Deursettingsvermoë is 'n deugde wat God onderskryf. Openbaring 2:7 sê: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is." Galasiërs 6:9 sê: "Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel." Laat ons nie moeg word om die regte ding te doen nie. Ons moet ons kinders leer om hard te werk aan hierdie karaktereienskap, die waarde hiervan sal hulle baie goed te staan kom in hul eie weg na volwassenheid.

## Goegieland

Ons is in die laaste deel van die kwartaal en waardeer elke ouer se ondersteuning en samewerking. Hier volg belangrike inligting vir die week:

**ASSESSERING:** Hierdie week is die laaste week van assessering. Ons vra dat maats asseblief nie onnodig afwesig is nie, sodat alle assesserings betyds afgehandel kan word.

**SKOOLTYE TYDENS EKSAMEN:** Hoewel die laerskool se skooltye verander weens die eksamen, funksioneer die kleuterskool heeltemal apart. Ons verdaag steeds gewone tyd. Indien leerders vroeër afgehaal moet word as gevolg van 'n ouer boeties of sussies, is u welkom. Ons wil nie hê u moet twee keer ry nie. Kleuterskoolonderwysers is aan diens tot 12:55, waarna Biekie Skool-personeel oorneem.

**KERSGESKENKE:** Kersgeskenke moet asseblief teen 18 November 2025 by die skool wees.

21 November 2025 - Kleuterskool Kersfees: Ons Kersfeesviering vind op 21 November 2025 plaas. Maats is welkom om enige kersfeesuitrusting aan te trek.

**SNOEPIEPAKKIES:** Snoepiepakkies moet direk deur die snoepie bestel word. Moet asseblief nie geld na die voogonderwyseresse stuur nie.

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning. Ons sien uit na 'n heerlike, produktiewe week saam met ons maats.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 17 November 2025

- **Eksamen: Gr. 4 Engels**
- **Eksamen: Gr. 5 SW Geo**
- **Eksamen: Gr. 6 Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 7 English**

### 18 November 2025

- **Eksamen: Gr. 4 Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 5 English**
- **Eksamen: Gr. 6 SW Geo**
- **Eksamen: Gr. 7 NW**

### 19 November 2025

- **Eksamen: Gr. 4 SW Geo**
- **Eksamen: Gr. 5 Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 6 English**
- **Eksamen: Gr. 7 EBW**

### 20 November 2025

- **Eksamen: Gr. 4 PO**
- **Eksamen: Gr. 5 Wiskunde**
- **Eksamen: Gr. 6 NW**
- **Eksamen: Gr. 7 KK**
- **Eksamen: Gr. 7 SW Gesk**

### 21 November 2025

- **Goegieland Kersfees / Somerfees**
- **Eksamen: Gr. 4 SSW Gesk**
- **Eksamen: Gr. 5 NW**
- **Eksamen: Gr. 6 PO**
- **Eksamen: Gr. 7 Wiskunde V1**

## Akademie

Die eksamen is op hande en ons glo en vertrou ons maats sal goed voorbereid wees op die eksamen. Ons besef die maats is al moeg om agter die boeke te sit, maar dit is hier waar ons deursttingsvermoë moet hê. Ons kan nie stop voordat ons oor die eindstreep is nie. Ons vra dat u as ouer hard sal motiveer by die huis dat die kinders moet leer. Dit is belangrik dat u sal kennis neem en boeke wat aan die skool terugbesorg moet word aan die skool terug besorg na afloop van die skryf van vraestelle. Handboeke en leesboeke moet ook terugbesorg word in die toestand waarin dit oorhandig is.



## Eksamen Uitkomtye

Ons herinner dat die skool tydens die eksamen (17 tot 26 November 2025) vir Gr. 1 tot 7 om 12:00 uit kom.

# HOOFLEIERS 2026

## Hoofdogter & Hoofseun 2026







Baie Geluk!

# UITVOERENDE LEIERRAAD 2026

### Akademie







### Sport







### Kultuur







# LOURIERAAND




Dux Leerder




Kultuurdogter




Kultuurseun




Veelsydigste Leerder




Sportseun




Sportdogter

**Baie geluk met hierdie pragtige prestasies!**

# Graad 4 Sterlesers



Baie geluk aan ons boekwurms van Graad 4 2025! Hulle het die meeste boeke hierdie jaar gelees. As jy kan lees, kan jy presteer!

Adriaan Schoeman
Alexander Schnuir
Larain van Zyl
Johandré Liebenberg

# Gholf Mpumalanga-span

Baie geluk aan Mieke Bam en Sebastian Stratford wat opgeneem is in die Mpumalanga Gholfspan. Hulle neem op 8 en 9 Desember 2025 deel aan die Interprovinsiale Toernooi. Ons is baie trots op julle!







# Mini-Gholf

Laerskool Goedehoop het op Dinsdag, 11 November 2025 die Min-Gholf Toernooi vir die Hoëveldgroep-skole aangebied. Dit was 'n wonderlike voorreg om ook hierdie jong maats aan mini-gholf bekend te stel. Die dag het in 'n lekker informele atmosfeer plaasgevind en ons bedank al die skole wat aan hierdie geleentheid met 'n mooi gesindheid deelgeneem het.



LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal




| 17 Nov | 18 Nov | 19 Nov | 20 Nov | 21 Nov | 22 Nov | 23 Nov |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Lucan Jordaan<br>Megan Wasserman | Kiara-Lee Barnard | | Kian de Graaff<br>Jan-Hendrik vd Merwe | | | Johandré Viljoen<br>Dian Viljoen |